**"Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid"**
(Hebr. 13:8)

# Omsendbrief

**Desember 2020**

Ek groet alle broeders en susters regoor die wêreld heel hartlik in die kosbare naam van onse HERE en Verlosser Jesus Christus, met die Woord uit IJoh. 2:27:

*"En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly"*

Mag hierdie woorde diep in elke hart indring en waar word. Profete was onder die direkte salwing en inspirasie van die Heilige Gees en het die hele verlossingsplan in die Woord van God vooraf aangekondig. Dieselfde salwing was op ons Verlosser. Dit was Christus — die gesalfde. In Lukas 4, verse 18-19, het ons Verlosser die teks gelees uit Jesaja 61, vers 1 en die begin van vers 2: *"Die Gees van die HERE is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die HERE aan te kondig".* En ons, as ware gelowiges, het dieselfde Gees, dieselfde lering, dieselfde salwing en dieselfde openbaring van Jesus Christus.

Paulus het 'n direkte roeping gehad, was onder die salwing en inspirasie van die Gees van God en was van sy prediking so seker dat hy kon sê: "Enigiemand wat 'n ander evangelie verkondig, is onder die vloek!" (Gal. 1:8). William Branham, die man van God in ons tyd, het ook 'n direkte goddelike roeping gehad, en ook onder die salwing en inspirasie van die Heilige Gees gestaan en die ewige evangelie verkondig. Ek kan ook dieselfde getuig. So seker as wat die HERE God 'n roeping uitspreek, so seker het Hy vertroue in die profete, apostels of dienskneqte wie Hy aangestel het in die bediening. Vandag nog is van toepassing wat die HERE in Johannes 20, vers 21, gesê het: *"Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook".* Tot die goddelike sending behoort ook dit wat onse HERE in Johannes 13, vers 20, gesê het: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het".*

In ons inleiding beskryf die apostel Johannes dat die salwing permanent in die ware kinders van God bly. Hy beklemtoon dat geen leuen sy oorsprong in die waarheid het nie (vers 21). Reeds in vers 20 lees ons: *"En julle het die salwing van die Heilige en weet alles".* Sy woorde in vers 28 word direk aan ons in hierdie tyd gerig: *"En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie"* (IJoh. 2:28). Ons wag almal op die openbaring van Jesus Christus en wil dáár wees met Sy wederkoms. Vir ons is die vermaning, *"My kinders, bly in Hom!"*, van die grootste beduiding. In Johannes 15, vers 5, het ons Verlosser gesê: *"...Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie".*

## Vandag word hierdie skrif vervul

Ons leef in die laaste periode voor die Wederkoms van Jesus Christus. Ons sien met ons eie oë, met ons ore hoor ons bybelse profesieë in ons tyd — hetsy dit die terugkeer van die volk Israel is, of oorloë, of gerigte daarvan is, of aardbewings, hongersnood en epidemies. Onse HERE het dit alles reeds voorspel (Lukas 21). Ons ervaar huidiglik nou aardverwarming, klimaatsverandering en allerhande natuurrampe. Deur hierdie nuwe virus, wat onder die naam "Corona" regoor die hele wêreld versprei het, het alles op aarde anders geword en sal dit nooit weer dieselfde wees soos dit voorheen was nie.

Die belangrikste kenmerk van die eindtyd is die volk Israel se terugkeer na die beloofde land: "*Want die HERE sal Hom oor Jakob ontferm, en Hy sal Israel nog verkies en hulle in hul land laat vestig ...*" (Jes. 14:1). Hierdie Woord is voor ons oë vervul. Sedert 1948 bestaan die staat Israel weer. Die afgelope tyd is die vredes-proses in die Midde-Ooste weer opnuut die middelpunt gemaak. In September 2020 het die Verenigde Arabiese Emirate en Bahrein 'n vredesverdrag onderteken, die sogenaamde "Abraham-ooreenkoms", soos die ooreenkomste wat Israel gesluit het met Egipte 1979 en Jordanië in 1994. Meer Islamitiese en ander lande behoort binnekort te volg. Deur middel van die verwagte versoening van Saoedi-Arabië met Israel, sal die finale deurbraak vir vrede in die Midde-Ooste kom — totdat die finale verdrag wat in Daniël 9, vers 27, geskryf staan, gesluit word.

Na al die gedeeltelike verdrae met Israel, sal die een waarvan Daniel praat, met behulp van die hoogste gesag wat in die hele wêreld aanvaar sal word, uiteindelik gesluit word. Wanneer daardie vrede, wat net 'n skyn-vrede sal wees, tot

stand kom, sal hulle sê: *"... vrede en veiligheid".* Maar, *"dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie"* (IThes. 5:3). Ons kan daagliks in die nuus volg, hoe die vredesproses gestalte aanneem.

Die wegraping en die vredesverdrag sal min of meer dieselfde tyd gebeur. Met die wegraping kom die genade tyd vir die nasies tot 'n einde en begin die laaste 7 jaar, voor die aanvang van die Millennium. Gedurende die eerste drie-en-'n-half jaar daarvan sal die twee profete volgens Openbaring 11 na vore kom, deur wie se bedienings die verseëling van die 144,000 uit die 12 stamme van Israel sal plaasvind. In die middel van die laaste sewe jaar sal die verbond verbreek word, die groot verdrukking begin en word Jerusalem vir nog 42 maande deur die heidene vertrap (Openb. 11:2).

Die eerste opstanding van diegene wat in Christus ontslaap het sal plaasvind by die Wederkoms van die HERE (IThes. 4: 13-18). In Openbaring 20, verse 4-6, word van die opstanding van die martelare gepraat wat uit die groot verdrukking kom (Openb. 7: 13-14). Hulle sal nie aan die wegraping en die bruilofsmaal deelneem nie, maar sal wel deel wees van die duisend-jarige koninkryk: *"... en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank".* Alle ander sal eers ná die

duisend jaar, by die tweede opstanding deel het, wat op dieselfde tyd die finale oordeel is (Openb. 20: 11-15).

Ons sal egter nie verder hierop ingaan nie, maar ons besef, dat die eindtyd vêr gevorder het. Vir ons gaan dit daarom, dat die ware gelowiges gereed moet wees om deel te neem aan die wegraping (IThes. 4: 13-18). Mag ons, met die huidige gebeure, doen soos onse HERE gesê het: *"... as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is"* (Lk. 21:28).

Herhaaldelik kan ons uitroep: Vandag is hierdie en ander skrifte vervul voor ons oë! In Matthéüs 24, vers 14, sê onse HERE: *"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom".* Dit het nog nooit tevore gebeur dat die ware, ewige Evangelie van Jesus Christus, aan die hele wêreld uitgedra is soos in hierdie tyd nie. In die verlede, voor en veral sedert die Reformasie, was daar telkens geestelike herlewings, maar in geeneen daarvan was die oorspronklike, volle evangelie, onder die salwing van die Heilige Gees verkondig, soos met die stigting van die nuwe-testamentiese Gemeente nie. Die volle evangelie met die bybelse leerstellinge, byvoorbeeld oor die Godheid, waterdoop, die nagmaal, ens., moet nou honderd persent dieselfde wees, soos dit aan die begin was. Dit was gesê van onse HERE en Verlosser: *"Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete"* (Hand. 3:21).

In onse tyd het baie predikers hul eie evangelie verkondig, tot by die charismatiese beweging. Tog het hulle almal die belangrikste belofte, wat vóór die Wederkoms van Christus

vervul moet word, misgeloop. Soos die Heilsplan van God in die Nuwe Testament met vervulling van bybelse profesieë begin het, eindig dit ook met vervulling van bybelse profesieë. In Markus 1 lees ons: *"Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God. Soos geskrywe is in die Profete: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u pad voor U uit sal regmaak"* (Mal. 3:1[a]); *"die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die HERE, maak sy paaie reguit!"* (Jes. 40:3): *"Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig. En die hele Joodse land en die inwoners van Jerusalem het uitgegaan na hom toe, en almal is deur hom gedoop in die Jordaanrivier met belydenis van hulle sondes"* (verse 1-5).

Die man van God kon diegene bereik wat sy boodskap ontvang en geglo het, en gesê: *"Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle doop met die Heilige Gees"* (vers 8). Toe Jesus verskyn, het Hy gepreek: *"Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie"* (vers 15).

In sy eerste preek ná die uitstorting van die Heilige Gees, het Petrus onder die salwing en inspirasie van die Heilige Gees, die volgende woorde gespreek: *"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die HERE onse God na Hom sal roep"* (Hand. 2: 38-39).

Die tyd is vervul. Ons ervaar nou aan die einde van die tyd van genade, net soos in die begin, die vervulling van bybelse profesieë wat vir die Gemeente bedoel is. In Maleági 4, verse 5

en 6, byvoorbeeld, staan: *"Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terug bring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders …"*

Deur die bediening van Johannes die Doper word die harte van die ou-testamentiese vaders tot die Nuwe Verbond-kinders gebring (Luk. 1:17). Deur die bediening van broeder Branham was die tweede deel vervul: die harte van God se kinders is teruggebring na die geloof van die aanvanklike apostoliese vaders. Die HERE Jesus het in Matthéüs 17, vers 11, hierdie ou-testamentiese belofte bevestig: *"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel".* Die profeet Maleági het dit onder die salwing van die Heilige Gees aangekondig, ons Verlosser het dit onder die salwing van die Heilige Gees bevestig en almal wat nou met die salwing van die Heilige Gees geleer word, glo die belofte en ervaar die vervulling.

God het Sy dienskneg in Desember, 1965, heengeroep, maar sedert daardie tyd, was die oorspronklike bybelse boodskap wat hy gebring het, na die hele wêreld geneem, volgens die opdrag van God. Hier kan gesê word: Die wat uit God is, hoor God se Woord (Joh. 8:47). Maar hier kan ook gevra word: Wie het ons prediking geglo en aan wie is die arm van die HERE geopenbaar (Jes. 53:1; Rom. 10:16)?

## Die profetiese bediening

Dit het 'n baie groot betekenis vir my, dat ek die man van God, William Branham, tien jaar lank persoonlik geken het; dat ek in sy byeenkomste die proklamasie van die volle Evangelie van Jesus Christus en die bonatuurlike werking van die Gees van God met die siekes, kon meelewe. Wat die

bediening van broeder Branham betref, moet Amos 3, vers 7, beklemtoon word, soos hy dit ook self dikwels gedoen het: *"Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie".* Hierdie goddelike feit is van die grootste belang; Ek vra respek vir wat God gesê het.

Ons Verlosser word as profeet aangekondig in Deut. 18, vers 15: *"'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister".* In Handlinge 3: 22-23 bevestig die apostel Petrus die belofte aangaande Jesus, as vervul: *"Want Moses het tot die vaders gespreek: Die HERE julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek. En elke siel wat nie na dié Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word".* In Jesaja 42, vers 1, word die HERE, ons Verlosser, 'n kneg genoem: *"Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring",* waarvan ons die bevestiging vind in Matthéüs 12, vers 18: *"Kyk, my Kneg wat Ek uitverkies het, my Geliefde in wie my siel 'n welbehae het! Ek sal my Gees op Hom lê, en Hy sal aan die nasies die reg aankondig".*

'n Ware profeet is 'n dienskneg van God deur wie die bediening van die HERE direk voortgesit word. As 'n profeet sien hy vooraf in 'n visioen wat God doen, en as dienskneg voer hy dit uit, in gehoorsaamheid. Dit het ek persoonlik ondervind in die bediening van broeder Branham, in sy byeenkomste. Hy het van homself gepraat as 'n profeet en ook as 'n dienskneg. Wat hy in gesigte gesien het as 'n profeet, het hy uitgedra as 'n dienskneg. So het die HERE hom gereeld gewys tydens die gebed vir siekes, wie die persoon is wat voor hom in die gebedslyn gestaan het, waarvandaan die persoon kom en watter siektes hulle het. Gelei as dienskneg

het hy die opdrag uitgevoer en kon bv. sê: “Jy is genees van kanker”. Deur openbaring kon hy ook aan my vyf keer die besonderhede aangaande my bediening bevestig. Broeder Branham het altyd benadruk dat dit dieselfde bediening was, soos wat die HERE, ons Verlosser, destyds uitgevoer het.

Met verwysing na die sienersgawe, het broeder Branham telkens na drie voorvalle in die bediening van onse HERE verwys: Toe Hy Petrus die eerste keer ontmoet, kon Hy vir hom sê: “Jou naam is Simon en jou vader se naam is Jonas”. Hy kon vir Natánael sê: “Voordat Filippus jou geroep het, het Ek jou onder die vyeboom gesien” (Johannes 1). Hy kon vir die vrou by die put sê: “Jy het vyf manne gehad en die een wat jy nou het, is nie jou eggenoot nie” (Johannes 4).

Dieselfde profetiese gawe was deur die jare heen in die bediening van broeder Branham gesien en gehoor. Hy kon keer op keer sê: "So spreek die HERE ...", en elke keer het dit gebeur presies soos hy dit gesien het. Dit staan nie net geskryf *“Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid"* (Heb. 13:8) nie, Hy het Homself ook in ons tyd, voor my eie oë, as dieselfde geopenbaar, sondaars gered, gebondes bevry en siekes genees. Dit kan miljoene gelowiges getuig.

Die afgelope paar jaar het ons herhaaldelik berig oor sy roeping en sending en van wat die HERE God in die bediening van broeder Branham gedoen het. Nou wil ek slegs kortliks verwys na die gebeurtenis van 28 Februarie, 1963, wat vooraf aan die man van God geopenbaar was. Dit het op Sunset Mountain, Arizona (VSA) gebeur, ongeveer 67 kilometers vanaf die stad Tucson: die HERE het in die bonatuurlike wolk neergedaal, waarin daar sewe engele was. Daar is hy opdrag gegee om na Jeffersonville terug te gaan omdat die tyd van die openbaring van die sewe Seël aangebreek het. Vanaf 17 tot 24

Maart, 1963, het die man van God toe gepreek oor die sewe seëls.

Verskeie tydskrifte in die VSA het oor die misterieuse wolk berig. Dit was die onderwerp van die dag in die pers. Maar wie van al die evangeliste, van al die predikers tot vandag toe, het daarvan kennis geneem? Almal het hul programme, maar is nie bewus van wat God belowe het vir hierdie tydsbestek nie. Sonder om daarvan bewus te wees, verwerp hulle so die raad van God vir hulle, net soos die geestelike leiers destyds dit verwerp het (Luk. 7:30). So was dit in die godsdienstige wêreld met die eerste koms van Christus en so is dit ook nou voor Sy Wederkoms. Net soos die HERE Sy profeet Johannes gestuur het vir die mense om voor te berei vir die HERE, om die Skrif te vervul, so gewis was die man van God, William Branham, op 11 Junie, 1933, tydens die doop in die Ohio rivier vanuit die bonatuurlike Wolk toegeroep: **"Soos Johannes die Doper die eerste koms van Christus vooruit gegaan het, word jy ook gestuur met 'n boodskap wat die Wederkoms van Christus sal voorafgaan".** Vandag kan ons met sekerheid sê: hierdie opdrag is uitgevoer.

## Wat is ware geloof?

Broeder Branham het op 24 November, 1963, 'n preek gelewer met die titel "Drie Soorte Gelowiges", waarin hy praat oor die ware gelowiges, die skyn-gelowiges en die ongelowiges. Abraham is die voorbeeld van ware geloof en word selfs die "vader van die gelowiges" genoem. *"Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken"* (Rom. 4:3). Die apostel Jakobus het die ware geloof verbind met daadwerklike gehoorsaamheid en geskrywe dat geloof sonder daaruit-vloeiende werke, nutteloos is. Hy het gesê: *"Is Abraham, ons vader, nie uit die*

*werke geregverdig toe hy Isak, sy seun op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof met sy werke saamgewerk het en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul* (Gen. 15:6) *wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem"* (Jak. 2: 21-23).

Wanneer onse HERE sê: *"Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word"* (Mark. 16:16), waar staan ons dan met diegene wat beweer dat hulle glo, maar die geloofsdoop verwerp? Dan is die geloof nie verbind met die daad nie. Dit gaan nie oor ons eie werke wat ons verrig nie, maar gehoorsaamheid aan die Woord is wat onse geloof bewys. Wat van almal wat beweer dat hulle glo, maar dit wat die HERE, byvoorbeeld, in die sendingopdrag in Markus 16 gesê het, verwerp? Is sulke mense regtig gelowig of net skyn-gelowig? Onse HERE het gesê: *"wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal hy ook doen"* (Joh. 14:12) en: *"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg ..."* (Mark. 16:17). Slegs as die HERE God persoonlik deur Sy Woord met iemand praat en die belofte maak, sal die persoon glo, in gehoorsaamheid doen wat die Skrif sê en die beloftes daarin, ervaar.

Wat die skyn-gelowiges betref, moet dit met pyn gesê word: Hulle glo, leer en bid verby God. Mense wat hulself op God se Woord beroep, maar slegs self-gemaakte preke in hul eredienste hoor, wat tot self-gemaakte oortuigings lei, soos dit in alle denominasies die geval is, is net skyn-gelowig. Dit is bekend dat alle Christelike kerke hul eie geloofsbelydenisse het, wat selfs "apostolies" genoem word maar niks in gemeen het met die leer van die apostels nie. Benewens die sogenaamde "apostoliese-" is daar ook die Niceaanse- (325 nC), Chalcedoniese- (381 nC) en ander geloofsbelydenisse.

# DIE 70 JAARWEKE VAN DANIËL







Die getroue HERE het die profeet gestuur om die boodskap te bring. Hy het ook gesorg dat dit regoor die wêreld gedra word. Sy belofte is voor ons oë vervul: "En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke" (Openbaring 14:6).

Dit het die uithoeke van die aarde bereik en die Here sal Sy verlossingswerk voltooi (Matthéüs 24:14). Aan Hom alleen die heerlikheid deur Jesus Christus, onse HERE.

Die een ware, apostoliese geloofsbelydenis word egter slegs in die Bybel gevind, as 'n nalatenskap van die Nuwe Testament. Vir ware gelowiges geld steeds die volgende: *"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê ..."* (Joh. 7:38). Aan almal wat hul eie leringe glo, spreek die HERE: *"... Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is"* (Matt. 15:9). Die volgende geld vir ewig: *"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid"* (Joh. 4:23). Hier moet ons die ernstige vraag vra: Wie glo ons nou eintlik? Glo ons wat God in Sy Woord gesê en belowe het, en wat in die vroeë Christendom beoefen is, of glo ons die insettinge en mensgemaakte leerstellings wat in 'n Christelike kerk geleer word?

Ongelowiges is nie net diegene wat nie kan glo nie en vir wie God nie bestaan nie; dit is van die grootste betekenis wat die man van God, William Branham, gesê het oor ongeloof en die val van die mens in die paradys. Dit is een van die belangrikste openbarings wat Hy van die HERE ontvang het aangaande die Verlossingsplan. Aanvanklik het Lucifer in die hemel in opgestand gekom en wou homself gelykstel aan die Allerhoogste, maar is toe met almal wat hom gevolg het, neergewerp (Jes. 14: 12-15). Die val van die mens in die paradys het ontstaan omdat Satan, in die vorm van die slang, dit reggekry het om met Eva te redeneer en met die woorde: *"Is dit ook so dat God gesê het ...?"*, twyfel te saai oor wat God vir Adam gesê het. So het ongeloof gekom, wat ongehoorsaamheid meegebring het. Die mensdom is deur die verleiding tot sonde gemaak en sodoende in die dood verskeur. Om die ware geloof te beklemtoon, het onse Verlosser gesê: *"...as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe"* (Joh. 8:24). Ware geloof kan selfs nou nog net geanker wees in diegene wat waarlik in Jesus Christus glo en

in wat God in Sy Woord gesê het. Ongeloof word altyd verbind met twyfel wat die saai.

Elkeen moet homself laat ondersoek of hy volgens die Skrif werklik 'n gelowige is en elke Woord van God met die hele hart glo, elke belofte wat die HERE gegee het, aanvaar, en innig met God verbind is. Die ware gelowiges behoort tot die uitverkorenes, word deur die Woord en die Gees van God wedergebore en word in die hele waarheid gelei. Hulle glo in die goddelike roeping van William Branham, wat die bybelse boodskap gebring het, en in die goddelike roeping van die draer van die bybelse boodskap, wat dit na die hele wêreld uitgedra het.

Die waaragtige gelowiges is bekend met die tyd en die uur waarin ons lewe. Hulle het uit alle godsdienstige tradisies en leringe, wat nie bybels is nie, uitgekom, en word geheilig in die Woord van die Waarheid. Die Verlosser se gebed is: *"Heilig hulle in U waarheid: U woord is waarheid"* (Johannes 17:17). Dit begin met die godheid: die ware leer getuig van net een God. Nie een keer is die woord 'Drie-eenheid' of 'Drie-enige God' in die Bybel te vinde nie; ook van drie ewige persone is daarin geen sprake nie. Die Bybel ken net die enige ware God, wat Sy eie verlossingsplan aangekondig het. Hy het Homself in die hemel as Vader en op aarde in Sy Seun, Jesus Christus ("Emmanuel", God met ons) openbaar en werk deur die Heilige Gees in die verloste Gemeente. Nie een keer staan die formule "in die Naam van die Vader, in die Naam van die Seun, in die Naam van die Heilige Gees", in die Bybel nie.

Wat die doop ook betref, gehoorsaam hulle wat Petrus onder die salwing en inspirasie van die Heilige Gees op die stigtingsdag van die nuwe-testamentiese Gemeente, gesê het (Hand. 2: 38-41). Petrus het die sendingopdrag verstaan en presies uitgevoer. Ook Filippus (Hand. 8:16), Paulus (Hand. 19:5), en alle gelowiges in die eerste eeue, het diegene wat

gelowig geword het, in die Naam van die HERE Jesus Christus gedoop. Want dit is die naam waarin God Homself aan ons, as Vader in die Seun en deur die Heilige Gees, openbaar. Die Woord uit Efésiërs 4, vers 5, is nog steeds geldig: *"...een HERE, een geloof, een doop ..."*.

Almal wat nou regtig glo, is gehoorsaam en ervaar wat in IIKorinthiërs 6: 17-18 geskrywe staan: *"Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige".* Hulle ondervind nou, deur 'n bonatuurlike werk die voleinding van die Heilige Gees. Die HERE God sal die vroeë- en laatreën op 'n kragtige manier stuur, soos vooruitgespreek deur die Apostel Jakobus, onder die salwing en inspirasie van die Heilige Gees: *"Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die HERE. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het"* (Jak. 5:7). Selfs die profeet Joël het onder die salwing en inspirasie van die Heilige Gees aangekondig (2:23): *"En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die HERE julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen".*

Ons kan ook bly wees dat ons, soos geskryf deur die apostel Petrus, *"... in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd"* (IPet. 1:5). Ons het in die laaste tyd aangekom. Op die oomblik moet ons nugter en normaal op alle terreine bly en in die huidige situasie integreer, sodat ons geen skande op die Naam van die HERE Jesus bring nie.

Daar moet weereens beklemtoon word dat daar geen dwaallering-misleides, ooit in die hemel gevind sal word nie.

Die HERE het genade gegee dat ons deur die finale boodskap honderd persent na die Woord van God en die leer van die eerste apostels teruggebring word. Elkeen wat dit nie respekteer nie, het die dag van God se genadige besoek nie erken nie (Luk. 19: 42-44).

In Lukas 21 het die HERE baie dinge aangekondig wat sou gebeur en met verwysing na die eindtyd gesê: *"... en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid ... En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is ... So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur ... Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan"* (verse 25-36). Die HERE het ons die belofte gegee: *"En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld"* (Matt. 28:20).

Broeder Branham het sy profetiese sending uitgevoer en die geestelike voedsel opgestoor. Ek het ook gedoen wat die HERE my beveel het, deur die profetiese Woord volgens die leer te orden en die geestelike voedsel te versprei, soos die HERE dit op 19 September, 1976, bevestig het (Matt. 24: 45-47). Deur die genade van God kon ek ook alle moeilik-verstaanbare woorde van broeder Branham in die Woord van God plaas, soos Petrus kon skryf met verwysing na Paulus se briewe: *"... net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte"* (IIPet. 3: 15-16). Ek kan getuig dat ek gedoen het wat Paulus destyds aan Timoteus geskryf het: *"verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering"*, soos die HERE my met 'n groot stem in Marseille beveel het. Daarom het ek net die Woord verkondig en enige interpretasie geweier.

Soos Paulus, kan ek ook getuig: *"Maar die HERE het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking heeltemal volbring kan word en al die heidene dit kan hoor ..."* (IITim. 4:17).

Alle broeders wat waarlik 'n goddelike bediening het, deel die geestelike voedsel uit — die geopenbaarde, suiwer Woord. Die tafel van die HERE was nog nooit so ryklik gedek soos in ons tyd nie. Nou gaan ons onsself in vurige gebed bymekaar verenig, en die HERE self sal Sy verlossingswerk met groot krag tot voltooiing bring (Rom. 9:28). Heel aan die einde, soos broeder Branham dit gesien het, sal die Bruid in geestelike gelid stap en God sal ons gebede verhoor, sodat dit wat ons in die geloof sal uitspreek, kan gebeur. Dit is belangrik dat ons in die Woord en wil van God bly, want net dan kan Sy plesier op ons rus.

## 70 jaar is verby


In die Pinkstertyd van 1949, het ek my lewe met trane van bekering tot die HERE Jesus gewy en ontvang toe die doping van die Gees. Sederdien kyk ek terug op 'n ryklik-geseënde geloofslewe in die HERE. Sedert 1952 het ek die Woord van God deur die genade van God verkondig, in 'n pinkster gemeente aanvanklik. In 1955 woon ek toe die byeenkomste van broeder Branham in Karlsruhe by. Van die eerste



Eerw. Branham spreek in die


ontmoeting af het ek besef, dat hy 'n man van God was en 'n baie spesiale bediening het, wat verbonde was aan die plan van verlossing van God vir ons tyd.

**Die onderste foto wys een van die byeenkomste wat plaasgevind het vanaf 20 tot 26 Junie, 1955, in die Hallenstadion in Zürich. Die ander is een van Karlsruhe se vergaderings, waar broeder Branham vanaf 12 tot 19 Augustus, 1955, gepreek het.**



Tot 10 000 toehoorders het die Branham-tentbyeenkoms te Karlsruhe gevul

In 1958 het ons, deur God se leiding, begin om van broeder Branham se preke op band te vertaal. So het die eerste onafhanklike plaaslike gemeente ontstaan, later ook die sendingwerk. Op 2 April, 1962, het ek deur die hoorbare stem



Iallen-Stadion in Zurich, Switserland

van die HERE, my roeping ontvang. Broeder Branham het dit op 3 Desember, 1962, deur goddelike openbaring bevestig en my ook instruksies gegee wat daarmee verband hou.

In 1964 onderneem ek my eerste sendingreis na Indië en op die terugreis het ek Jerusalem besoek. Vanaf 1966 het ek met sendingreise na ons buurlande begin en daarna ook wêreldwyd. Deur die 20-minute preke op Radio Luxemburg, wat ek elke Sondag vanaf 1967 tot 1978 aangebied het, het ek baie mense in die Duits-sprekende lande bereik en kon ek hulle na byeenkomste in die verskillende stede uitnooi. Baie gelowiges was nog onder die indruk van die geseënde byeenkomste wat hulle gehou het met broeder Branham. Die sale in al die stede in Switserland, Oostenryk en Duitsland, was gevul. Daar was ryklik-geseënde jare in die koninkryk van God.

**Die twee foto's uit 1976, een van Zurich, die ander van Heilbronn, wys dat God met die verkondiging, Sy seëninge op Sy Woord geskenk het.**





In 1979 slaag die vyand toe daarin om, net soos met Eva in die Paradys, twyfel te saai met die vraag: "Het die HERE regtig met hom gepraat?". Die roeping is dus bevraagteken en dit het byna gelei tot die vernietiging van die plaaslike gemeente. Maar die HERE God het die oorwinning van Golgota geopenbaar. Die uitverkorenes het nie die slagoffers van die verleiding geword nie en die bediening kon tot nou toe voortduur.

Vir 2020 was ek gelei om nie sendingsreise te beplan nie. Soos ons almal opgemerk het, sou dit met die Corona pandemie nie eens moontlik wees nie. Daarom kan ons ook tans nie internasionale vergaderings in die Sending-sentrum te Krefeld hou nie. Ons is God baie dankbaar dat ons, sedert 1974, derduisende gelowiges uit die hele wêreld hier in die kapel met die Woord van God kon bedien. wat die HERE my beveel het, het waar geword: "Versamel My volk vir My, dat hulle My Woorde kan hoor"

Soos God vir die opstoring en verspreiding van die geestelike voedsel gesorg het, het Hy ook gesorg dat die finale boodskap van die oproep en die herstel via die internet gehoor kan word. As God wil, sal ek elke laaste Sondag van die

maand, bekend as die 'Zurich–Sondag', nie meer om 14h00 nie, maar soos elke eerste Sondag in Krefeld, om 10h00 preek. Preke word regstreeks oor die internet uitgesaai en word vertaal in verskillende tale en kan ook wêreldwyd op die bekende kanale gehoor word. Verder saai ons ook preke vanuit die 1980's uit, elke Woensdag- en Saterdagaand om 19h30, asook elke Sondagoggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Ook word dit in ander tale vertaal sodat gelowiges, selfs hele gemeentes wêreldwyd aanlyn kan volg.

Waar moontlik, sal die dienende broeders aanhou om plaaslike vergaderings te hou. Waar die gelowiges ookal regoor die aarde in die naam van Jesus Christus versamel, is die HERE teenwoordig in hulle midde (Matt. 18:20). Neem dit asseblief ter harte en glo dit. Die tyd het nou aangebreek dat die ware gelowiges, waar hulle ookal op die aarde woon, verenig in gebed, sodat die HERE God perfeksie in die verlostes en die voorbereiding van die Bruidgemeente kan bewerkstellig.

Almal wat nou die geopenbaarde Woord glo, behoort tot die wyse maagde en ervaar die finale voorbereiding as die Bruidgemeente, want so staan daar geskrywe: *"... En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit ..."* (Matt. 25:10b). Daartoe behoort ook die volgende: *"... en sy vrou het haar gereed gemaak ...".* (Openb. 19:7). Sy het volkome verlossing deur die bloed van die Lam (Matt. 26:28), volkome heiligmaking deur God se Woord (Joh. 17:17) en word opgewek met die Heilige Gees, die dag van die verlossing van hul liggaam en word verseël volgens die Woord in Efésiërs 1, vers 13: *"in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het verseël is met die Heilige Gees van die belofte".*

Ek kyk terug op die baie jare en is dankbaar dat die HERE aanhoudend met my gepraat het en instruksies gegee het. Die HERE het groot dinge gedoen vir miljoene mense en het hulle weer tot die ware geloof gebring. Soos Simeon in daardie tyd (Luk. 2:29), kan ek met 'n skoon gewete sê: “HERE, laat u dienskneg nou in vrede gaan, want my oë het gesien dat alle volke oor die hele aarde die oorspronklike boodskap, wat die tweede koms van Christus voorafgaan, gehoor het”.

Vir die komende jaar verwag ons 'n ware jubeljaar, wat onse HERE in Lukas 4 uitgeroep het, waarin almal hul godgegewe besittings herwin: *“(En julle moet) 'n vrylating in die land uitroep aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees; dan moet julle elkeen na sy besitting en elkeen na sy geslag teruggaan”* (Lev. 25:10[b]).

*“En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik”* (Rom. 8: 28-30).

Onthou my en alle dienende broeders in u gebede.

Handelend in opdrag van God.

Br. Frank

Soos God wil en genade skenk, sal ek preke regstreeks uitsaai, elke **eerste Sondag van die maand**, **10h00** en elke **laaste sondag van die maand,** die sg. "Zurich Sondag": **nie meer 14h00 nie,** maar ook om **10h00**.

Weeklikse aanlyn uitsendings vind plaas soos volg:

- elke Woensdag om 19h30
- elke Saterdag om 19h30
- elke Sondag om 10h00

Die preke oor die Internet kan nou in verskillende tale gehoor word. U kan hierdie uitsendings direk kry vanaf ons tuisblad:

www.freie-volksmission.de

(vind dit onder "Broadcasts" en "Downloads")

asook via ons YouTube-kanaal by:
www.youtube.com/user/FreieVolksmission.

**Sending-Sentrum**
**Posbus 100707**
**D-47707 Krefeld**

**e-Pos: volksmission@gmx.de**

Kontak in Suid Afrika: preparationtimeinfo@gmail.com

Afrikaans: ........................ +27-73-631-7762

English: …………..………… +27-76-112-2702

Shona: ............................. +27-81-714-4053

Sotho/Tsonga/Venda: ….. +27-83-748-4736

Xhosa: ............................. +27-61-469-6007

Zulu: …............................. +27-83-925-3156

Duplisering en kopiëring hiervan kan net met goedkeuring geskied
Outeer en uitgewer: Sendeling E. Frank, Krefeld. Duitsland.